WAT DIE WÊRELD DIE MEESTE NODIG HET

VRIENDELIKHEID

PREEKNOTA

Datum: **02/03/2025**

1. Wat het die wêreld nou die meeste nodig?

Die wêreld het nie mense nodig wat meer Christelik is nie, maar eerder mense wat meer soos Christus is.

Galasiërs 5:22 (NLV) [22]Maar die vrug wat die Gees voortbring, is: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, ...

2. Wat beteken vriendelikheid?

χρηστότης (chréstotés) – Goedaardigheid, teer besorgdheid, bruikbaarheid.

1 Korintiërs 13:4a (AFR83) [4]Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; ...

"Vriendelikheid kos jou niks nie."

Efesiërs 4:31-32 (NLV) [31]Raak saam met alle ander slegte dinge ontslae van alle bitterheid, woede, wraak, geskel en gevloek. [32]Wees eerder vriendelik met mekaar. Gee vir mekaar om. Vergewe mekaar soos God julle vergewe het op grond van wat Christus gedoen het.

3. Hoekom maak vriendelikheid saak?

Mense word selde getrek na iets, of iemand, wat onvriendelik is.

Iemand wat vriendelik is, kry dit dikwels reg om ander mense positief te beïnvloed.

Kolossense 4:5-6 (NLV) [5]In julle verhouding met buitestanders moet julle slim optree deur elke kans te benut. [6]Met woorde wat altyd vriendelik en sinvol is, moet julle gereed staan om die regte antwoord vir elke mens te gee.

Kolossense 4:5-6a (DB) [5]As julle met mense te doen kry wat nie Christene is nie, moet julle julle veral goed gedra. Gebruik elke oomblik om 'n positiewe invloed op hulle uit te oefen. [6]Dit moet ook altyd vir mense lekker wees om met julle te gesels. Na elke gesprek moet hulle voel dat dit die moeite werd was. ...

4. Hoekom sukkel jy om vriendelik te wees?

Die verwarring tussen vriendelikheid en swakheid.

Lukas 22:50-51 (NLV) [50]Een uit hulle geledere het toe na die slaaf van die hoofpriester gekap en sy regteroor afgekap. [51]Maar Jesus het gereageer: "Hou dadelik op hiermee!" Daarna het Hy die oor aangeraak en dit gesond gemaak.

Lukas 23:35-37 (NLV) [35]Die volk het net daar gestaan en toekyk. En die leiers het aangehou om Hom te bespot met dié woorde: "Ander het hy gered. Laat hy homself red as hy die Messias, die uitverkorene van God is!" [36]Ook die soldate het vorentoe beweeg en Jesus gespot. Hulle het vir Hom asynwyn aangebied [37]en gesê: "As jy die Koning van die Jode is, red jouself."

Lukas 23:34 (NLV) [34]Daarop het Jesus gesê: "Vader, vergewe hulle, want hulle besef nie wat hulle doen nie!"

God is nie vriendelik omdat Hy iets van jou wil hê nie, maar omdat Hy iets vir jou wil hê.

5. Waar moet jy vandag vriendelik wees, ten koste van jouself?

John Bunyan:
You have not lived today until you have done something for someone who can never repay you.

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube
asook op **IFM 102.2** en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za

KONTAKPERSONE:

Gemeentepredikant:
MARIUS MALAN - 016 004 0016
marius@kg.org.za

Gemeentebestuurder:
RIAAN PELSER - 082 775 7147
riaan@kg.org.za

Faktotum:
ANDRÈ VAN DER WALT - 073 960 9499
andre@kg.org.za

PREDIKANTE:

13 - 18 jaar:
KATIE REIMERS
016 004 0016 | katie@kg.org.za
STEFAN VAN GRAAN
072 111 7409 | stefan@kg.org.za

19 - 29 jaar: TOMMIE ARPIN
082 342 6245 | tommie@kg.org.za

30 - 39 jaar: JONATHAN MÜLLER
064 658 6636 | jonathan@kg.org.za

40 - 49 jaar: EDOHAN BURGER
084 570 0669 | edohan@kg.org.za

50 - 59 jaar: NICO VAN AS
082 973 3895 | nico@kg.org.za

60 jaar en ouer: LUCAS NIEMAND
083 233 4000 | lucas@kg.org.za

Hoek van **Ravel**- en **Abrahamstrate**
Mantevrede, Vanderbijlpark
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

KONTANTLOSE BYDRAES

BANKBESONDERHEDE:
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655